STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

6 OKTOBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

Ons leef in God se KONINKRYK

**OGGENDDIENS**

Verdieping wat ons verander.

Matteus 13:24-33

**GESINSDIENS**

Groei binne God se koninkryk.

Matteus 13:24-30

**JEUGDIENS**

*Rooted*

**DEURKOLLEKTE**

Alta du Toit Nasorg, Bellville

Die sentrum bied versorging en beskutte arbeid aan volwasse gestremdes. Hulle handewerk word ook jaarliks by die feesmark verkoop. W

ees op die uitkyk

## EREDIENSTE

| | | | 6 Oktober | | 13 Oktober | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 2 | Ds. Visagie | 3 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Ackerman | 8 | Ds. Potgieter | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Breytenbach | 11 | Ds. Visagie | 12 |

## GESAMENTLIKE DIENSTE 20,27 OKT. EN 3 NOV.

Saam met die mooiste maand van Oktober wil ons ook nuwe energie in ons eredienste blaas. Ons nooi lidmate om ons gesamentlike dienste op **20 en 27 Okt. en 3 Nov**. om 09:00 in die kerk by te woon. By dié eredienste kom die hele gemeente, ook lidmate wat gebruiklik die gesinsdiens bywoon, saam in die kerk bymekaar. Ons verwelkom graag gesinne met jonger kinders om die nagmaal en doop tydens die erediens mee te maak. **Kleuter- en peuterkerk** is ter wille van die feesmark op dié Sondae in die komiteekamer 'n lekker tuinpiekniek, terwyl pa en ma in die kerk is, klink na 'n wenner vir 'n Lentesondag.

## FEESMARKDEURE OPEN OP 23 OKT.

Onthou, die feesmark begin op Woensdag 23 Oktober. Die restaurant en mark is gelyklopend oop op Maandae tot Vrydae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00. Krediet-, debiet- en Kaapse Verbruikerskaarte word aanvaar. Nooi jou vriende en familie ook na ons lekkerste en grootste feesgeleentheid van die jaar.

## JEUGDAGBOEK

- ANNIBRAND JUNIOR: 10:00 na afloop van die eredienste.
- GRAAD 4'S: Verskuif na die kerkgebou om 10:00
- JEUGDIENS: 18:00 tot 18:50.
- ANNIBRAND SENIOR: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal.

## KOORSANG VIR DIE KERSSANGDIENS

Indien jy graag deel wil wees van die koor wat tydens die Kerssangdiens op Sondagoggend 1 Desember Kersliedere gaan sing, kontak asb. vir Louis van Loggerenberg by 083 554 2282/ lvl@afrihost.co.za. Die koor gaan die tweede stem sing en beoog om vooraf drie keer te oefen.

## DIE BYBEL VIR VANDAG (BYBELSKOOL)

Hoe lees ons die Bybel en hoe kan ons God se Woord vandag op die uitdagings in ons lewe, kerk en wêreld toepas? Hoe verdiep die lees van die Bybel ons geloof sodat ons geleenthede waarvoor ons te staan kom, kan aangryp? Tydens die Bybelskoolkursus gaan ons die totstandkoming van die Bybel, asook hoe gelowiges deur die eeue heen die Bybel gelees en verstaan het, bestudeer.

Datums: Maandagaande van 28 Okt. tot 25 Nov. om 19:00 tot 20:30 in die kerk.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach.

Koste: R30 per persoon.

Besprekings: Karin by 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za

## VATVYF-UITSTAPPIE

Jy word uitgenooi om deel te neem aan 'n handwerkaktiwiteit op Woensdag 16 Okt. by *CK Ceramics* in Bellville. Ons gaan elkeen 'n keramiekitem verf en geniet daarna 'n versnapering saam met tee en koffie. Koste beloop R50 per persoon. Bussies vertrek om 09:00. Inskrywings by Karin 021 976 4519 teen Maandag 14 Oktober. Die bussies het plek vir 24 persone.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4, 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Markplein

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### PLANTETAFEL 13 Oktober om 10:00

Ondersteun gerus die Kweek-vir-die-Here-span deur 'n plantjie in ruil vir 'n donasie te neem.

### BREIGROEP

Ons kom weer Maandag 7 Oktober om 09:30 in die KOMITEEKAMER bymekaar.

### GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATTSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpsaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

## JOU KIND EN SOSIALE MEDIA

**Saterdag 12 Oktober 09:00 tot 12:00, kleinsaal**

Maak jou kind digitaal veilig. Kom luister na die aanbieding oor die invloed van sosiale media. Nedine Blom, spreker, het onlangs haar meestersgraad in menslike handel voltooi.
Koste R120 p.p. sluit ligte eetgoed in.
Besprekings: Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## LEEF-MEER-WERKSWINKEL VIR VROUE

**Dinsdag 22 Oktober om 18:30 tot 22:00, kapel**

'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue. Bring jou lewenstas en maak dit 'n bietjie ligter – die werkswinkel skep 'n ruimte waar vroue net hulself kan wees en ontslae kan raak van die dinge wat hulle lewenstasse swaar maak.
Koste: R40 per persoon.
Besprekings by Anneke sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## VOSBURG-VLEIS TE KOOP

Potjiekosvleis @ R100 per kg is nog te koop. Die vleis kan by Raphaelsingel 45 afgehaal word. Tref asb. die nodige reëlings met Christine Ferreira by 083 440 2086.

## KOSPROJEK

Die kosprojek is een van die gemeente se oudste projekte, maar die voortbestaan van dié projek is in gedrang. Bydraes het geweldig gekrimp en die voorsiening van voedselhulp aan gesinne raak al moeiliker. Ons doen 'n beroep op lidmate vir bydraes van niebederfbare kos, of kontantbydraes. Inbetalings kan by die kerkkantoor gedoen word, of per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, Verwysing: KOSPROJEK.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 10 Oktober om 15:00 en 15:45 uit Spreuke 5: Goeie raad teen slegte verhoudings.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### ALGEMENE SINODESITTING

Ons vra lidmate se voorbidding vir die Algemene Sinodesitting van die NG Kerk wat vanaf 7 tot 11 Oktober in Benoni plaasvind.

## STELLENBERG FINANSIES

Al die verskillende projekte van die gemeente se getuienisbediening is vir die kerkraad 'n groot prioriteit. Ons werp graag meer lig op die volgende twee projekte van die getuienisbediening:

- **Jeuguitreike**: Die aksie betrek jaarliks ongeveer 200 jongmense en volwassenes en daar word o.a. na dorpe in die Karoo, Transkei en Limpopo uitgereik. Uitgawes vir uitreike is hoog en weens moeilike ekonomiese omstandighede raak dit vir ouers moeiliker om tieners se uitreikgeld te bekostig. Akkommodasie (gewoonlik in skoolkoshuise), voedsel, brandstof en vervoer vir 'n week-uitreik beloop R1 750 per uitreiker, waarvan uitreikers R1 100 self betaal. Die res word deur die kerkraad geborg. Langer uitreike se koste beloop R2 000 waarvan uitreikers R1 500 self betaal. Ons besef dat 'n groot deel van die uitreike se koste deur lidmate gedra word.
- **Kampe vir minderbevoorregte kinders:** Kampe en opleiding met die oog op leierskapontwikkeling vir minderbevoorregte kinders bly 'n groot prioriteit. Die kampe word oor naweke, of tydens die Desemberskoolvakansie, by die Apostelbatterykampterrein, Llandudno, aangebied. Die onkoste verbonde aan kampe beloop R700 per kind vir 'n lang kamp en R500 per kind vir naweekkampe. Die kerkraad begroot jaarliks R50 000 vir dié kampe en ons steun ook op insamelings vanuit kollektes tydens eredienste en veral die Kersdienste.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2019

Oktobermaand is sinoniem met die gemeente se jaarlikse tiendemaandinsameling. In dié maand vra ons lidmate om uit dankbaarheid iets ekstra vir gemeentewerk te gee. Lidmate wat aan die insameling deelneem deur 'n bydrae te maak, ontvang elkeen in ruil 'n dankie-sê-geskenkie van die gemeente in die vorm van 'n *Haworthia*-plantjie – in die volksmond bekend as 'n tarentaaltjie. Bring asseblief op Sondag 27 Oktober jou bewys van betaling, of kontantbydrae saam na die gesamentlike erediens.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE

SNAPSCANKODE